

FORUM BOTANICUM

Vol. 11, No. 1

January, 1973
Januarie 1973

NEWS-LETTER OF THE SOUTH AFRICAN ASSOCIATION OF BOTANISTS
NUUSBRIEF VAN DIE SUID-AFRIKAANSE GENOOTSKAP VAN PLANTKUNDIGES

DEPARTEMENT ALGEMENE PLANTKUNDE, UNIVERSITEIT VAN PRETORIA:-

Prof. H.P. van der Schijff, hoof van hierdie Departement, is verkies tot dekaan van die Fakulteit Wis- en Natuurkunde van die Universiteit van Pretoria en tree reeds sedert 10 Oktober 1972 in hierdie hoedanigheid op.

Hierdie Departement is tans besig met 'n floristies-ekologiese studie van die plaas Greefswald in Noord-Transvaal. Sedert 1933 het die Suid-Afrikaanse Regering die plaas Greefswald vir navorsingsdoeleindes aan die Universiteit van Pretoria toegesê. Argeologiese navorsing word sedert dié tyd op die plaas gedoen en die opgrawingsgebied staan bekend as Mapungubwe. In 1950 het adv. J.G. Strydom die plaas weereens formeel aan U.P. toegesê en op dié stadium spesifiek gemeld dat nie slegs die argeologie nie, maar ook ander terreine, o.a. die plantkunde, daar nagevors behoort te word. Die doel van die projek van die departement Algemene Plantkunde is om 'n floristies-ekologiese opname van die plaas te maak, met spesiale klem op eetbare plante.

Drie besoeke is reeds aan die gebied gebring deur personeellede en/of nagraadse studente, van die Departement vir die beplanning van die projek. Personeellede en nagraadse studente sal voor 8 tot 28 Januarie 1973 op die plaas deurbring, om 'n begin te maak met die projek. Aan elke honneursstudent word 'n individuele opdrag toegesê wat deel van die projek sal uitmaak.

Prof. P.J. Robbertse, mnr. W.F. Reyneke en mev. E. Steyn het gedurende Oktober 1972 'n studie-besoek aan Natal en die Oos-Kaap gebring. Mev. Steyn is besig met 'n morfologies-embriologiese studie van die Suid-Afrikaanse Melianthaceae. Met die oog op versameling van materiaal vir hierdie projek is daar gesoek na

Greyia flanaganii, wat slegs in die Oos-Kaap voorkom. Hierdie soort is laas in 1911 deur E.E. Galpin in die natuur in die Queenstownse distrik versamel, en is tydens hierdie versameltog weer in die omgewing van Komgha opgespoor. Mooi blommende materiaal is gevind. Herbariumeksemplare sal aan verskillende herbaria geskenk word sodra die projek afgehandel is.

Gedurende hierdie toer is verskeie uitheemse verteenwoordigers van die Cycadales vir die Botaniese tuin van die Universiteit van Pretoria aangekoop.

Mnr. W.F. Reyneke bestudeer tans die Suid-Afrikaanse verteenwoordigers van die Araliaceae. 'n Besoek is gebring aan mnr. Strey van die Navorsingsinstituut vir Plantkunde in Durban. Mnr. Strey het reeds 'n intensiewe taksonomiese studie van die Suid-Afrikaanse *Cussonia*-spesies gemaak en kon baie inligting aan mnr. Reyneke voorsien. Gedurende die toer het mnr. Reyneke materiaal van *Cussonia* by verskeie lokaliteite versamel.

Met die oog op sy projek, "'n Morfologiese ondersoek van die variasies van *Acacia karroo* Hayne in Suidelike Afrika", het prof. Robbertse variasies van hierdie spesie bestudeer en materiaal versamel.

Mnr. G.K. Theron was na die jaarlikse vergadering van die Departement Natuur-bewaring van die Transvaalse Provinsiale Administrasie in die Blyderivierkloof vir 2 dae van 20-22 November.

Mnr. B. Ubbink, een van die Plantkunde tuiniers, het die pos van hoof tuinier aan die Universiteit van Potchefstroom vir C.H.O. aangeneem en aanvaar diens op 1 Januarie 1973.

Ses navorsingsprojekte van die Departement Algemene Plantkunde is afgehandel en is reeds, of word tans as verhandelings of proefskrifte verwerk.

H.J.J. Venter: "'n Ekologiese studie van die kusduine en mangrove plantegroei om die Umhlatuzi-meer, Richardsbaai, Zoeloeland". Hierdie D.Sc.-proefskrif is reeds ingehandig. Mnr. Venter, wat hoof is van die Departement Plantkunde aan die Universiteit van Zoeloeland, het die pos van senior lektor aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat aanvaar.

M.Sc.-verhandelings wat voltooi is:

B.J. Coetzee: 'n Plantsosiologiese studie van die Jack-Scott-natuurreservaat.

L.A. Coetzer: 'n Morfologiese studie van die genus *Bauhinia* L. en verwante genera in Suidelike Afrika.

C.J. du Plessis: 'n Floristies-ekologiese studie van die plaas Doornkop 273 JS distrik Middelburg, Transvaal.

A. Hall-Martin: "The ecology and conservation of the Lengwe forest, Malawi".

E. Herbst: 'n Morfologiese ondersoek van *Retzia capensis* Thunb.

Mev. E. Schoonraad, navorsingsassistente, het 'n oorsese reisbeurs van die WNNR ontvang. Sy het op 25 November 1972 na Europa vertrek en sal o.a. die volgende instansies besoek:

Kew Herbarium, Engeland. Tydens die besoek sal gepoog word om die verspreiding van die genus *Podocarpus* in Afrika na te gaan.

University College, Dublin, Ierland. 'n Studie sal gemaak word van tegnieke wat deur P. Boyle, J. Doyle en M. Brennan gebruik is in embriologiese studies van Gymnospermae.

Universit  Rennes, Frankryk. 'n Studie sal gemaak word van tegnieke en metodes wat deur J. Morvan en M. Lemoine-Sebastian gebruik word in ontogenetiese studies van vroulike ke ls van Gymnospermae.

Prof. H.P. van der Schijff delivered two lectures in Johannesburg, one to the Botanical Society of South Africa, Johannesburg Branch and one to the "Listeners".

Visitor from Canada. Prof. Dr. Margaret McCully of the Botany Department, Carleton University, Ottawa is on a visit to South Africa as guest of the University of Pretoria and the CSIR.

She delivered lectures on the 23rd November 1972 at the University of Pretoria and on the 27th November 1972 at the Rand Afrikaans University in Johannesburg. She will visit, *inter alia*, the Kruger National Park, accompanied by Prof. H.P. van der Schijff and Miss. I. von Teichmann, who in 1969 spent a year as technical assistant to Prof. McCully in the laboratories of Carleton University. She will also pay a visit to the South Western Cape.

ANNUAL SCIENCE CONGRESS - 1973: The Seventy First Annual Congress of the South African Association for the Advancement of Science and participating societies will be held from 25th to 30th June at the University of Pretoria.

Programme Highlights

Growing points in science 1973. Under this main theme new and exciting research fields will be highlighted to give an insight into unusual aspects of science in Southern Africa. Subjects to be presented include: insect pheromones, distribution patterns of marine organisms, advances in photosynthesis, problems with animal capture, human populations in transition.

Our Green Heritage 1973, is a national promotional programme organized by a National Planning Committee representative of the forestry and wood industries, nature conservation organizations and interested government departments. In addition to its practical promotional aspects it has, amongst others, the objectives to emphasize the economic, recreational and aesthetic value of the South African flora and to promote its conservation. Societies are encouraged to, where possible, contribute towards its objectives.

Participating Societies and Sectional Programmes:

Sectional programmes will, as in the past, form part of the programme.

The following societies are also participating in the congress:

The South African Institute of Forestry is organizing a symposium as part of the programme 'Our Green Heritage' outlined above.

The South African Association of Botanists will in addition to the usual sessions hold a symposium to celebrate the opening of the new building for the Botanical Research Institute. Several prominent overseas botanists have been invited and will participate in the congress.

The Limnological Society of Southern Africa will hold symposia on the ecology and physiology of freshwater invertebrates, on algae and other aquatic microorganisms, on aquatic macrophytes, on fish biology and on regional limnology of Southern Africa.

The Parasitological Society of Southern Africa. Papers on current research

on protozoology, entomology, and helminthology are invited. Please state clearly that you want to present the paper to the Parasitological Society.

The University Science Student Association of South Africa will again meet together with S₂A₃. Students are reminded that they may compete for the USSASA Medal by presenting a paper to Section G.

Contributed Papers. Individual scientific papers are considered to be an important aspect of the congress and where papers have not already been invited by a participating society, they can be submitted in response to this circular.

Social Activities. The usual social activities including a ladies' programme, are being arranged.

Attendance. All members of S₂A₃ and members of affiliated societies are regarded as members. Non-members are welcome to register as congress members. Activities, including those of participating societies (except for domestic meetings), are open to all who attend the congress.

Accommodation. Accommodation will be available in university hostels at R4,50 per day per person. Reduced tariffs for students, if possible.

Post congress excursions. Excursions are being organized by the South African Association of Botanists and the Limnological Society of Southern Africa.

Correspondence. Address all correspondence to: The Secretary, S₂A₃ Congress, P.O. Box 395, Pretoria.

Date of Congress. Before finalising the date the Congress Committee considered all aspects and consulted the Secretary of the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Accommodation problems made a departure from the accepted congress date unavoidable. We apologize for any inconvenience caused.

DEPARTEMENT AGRONOMIE/TUINBOU, LANDBOUFAKULTEIT, UNIVERSITEIT VAN O.V.S.:

Die bedrywighede van die departement is grootliks gerig op die opleiding van studente op voer- sowel as nagraadse vlak, met Agronomie as hoofvakrigting.

Die vakrigting Agronomie het wel te doen met plante, maar is in hoofsaak gerig op die produksie en gebruik van ekonomiese gewasse, wat die grondslag vorm van die voeding van die mens - direk as voedselbron of deur die dier in die vorm van vleis, melk, eiers ens. Daar word ook twee kursusse in Plantfisiologie in die departement aangebied, maar is sodanig aangepas dat dit 'n integrale deel van die kursuskompleks vorm en direkte toepassing kan vind by gewasproduksie; dit sluit onder meer in mineraalvoeding (bemesting), waterhuishouding (besproeiing), groeistowwe (onkruiddoders, wortelvormingstowwe, uitdun van vrugte, omval van koring, ens.), die invloed van omgewing op die groei en ontwikkeling, fotoperiodisme, en cultivar- en gewaskeuse, ens.

Uit die aard van die saak is die kursusse in Agronomie dus nie van direkte plantkundige belang nie, maar ons laat hieronder 'n aantal titels volg van dissertasies wat hier ingedien is (of waarmee studente nog besig is) vir die M.Sc. Agric.-graad, sedert die ontstaan van die Landboufakulteit aan die Universiteit O.V.S., sowat dertien jaar gelede:

1. 'n Onderzoek na agronomiese faktore wat die doeltreffendheid van bemesting by tabak beïnvloed - P.C. Calitz.
2. 'n Vog- en bemestingstudie by koring onder besproeiing - J. Dreyer.
3. Die invloed van sny-intensiteite op die groei en opbrengs van koring (*Triticum vulgare*) onder droëlandtoestande - A.S. van Jaarsveld.
4. Die invloed van saaidikte op die ontwikkeling en opbrengs van drie koringvariëteite by drie stikstofpeile by verskillende planttipe onder besproeiing - C.J. Swanevelder.
5. Die invloed van bemesting, spasiëring en deklae op die produksie van aartappels - I.R. Eden.
6. Die invloed van verskillende besproeiingspeile en strooideklae op katoenproduksie - J. de Kock.
7. Die invloed van stikstofbemesting op lusern en luserngrasweidingsmengsels onder besproeiing - J.D. Aucamp.
3. Bemestingstudies met mielies onder besproeiing op die Vaalharts-Rietrivier- en Sandvetbesproeiingskemas - D.F. de Wet.

9. Cultivars, rywydtes en saaidigtheid by koring onder droëlandtoestande in die Sentraal- en Wes-O.V.S. - W. Vosloo.

D.Sc.-Agric.-graad

1. 'n Studie van mielieverbouing met spesiale verwysing na bemesting en spasiëring - J.J. Human.

SCOTT MEDALS OF THE SOUTH AFRICAN BIOLOGICAL SOCIETY: The Senior Scott Medal has been awarded to Prof. D.M. Joubert, Director of Professional Auxilliary Services in the Department of Agricultural Technical Services in recognition of his services to science and his achievements in the animal science field. He is a past president of the society and is the 56th recipient of this medal since it was first awarded to Sir Arnold Theiler in 1917.

The Society's Junior Scott Medal was awarded to Mr. C.J. Ward, lecturer in Botany at the University of Durban-Westville, for his M.Sc. dissertation on the ecology of Isipingo, Natal.

UNIVERSITY OF CAPE TOWN:

Senior Lecturer in Botany (Plant Ecology)

Applications are invited for the post of Senior Lecturer (Plant Ecology) in the Department of Botany from 1st July 1973, or as soon as convenient thereafter.

Appointment will be made on the salary scale of R5 400 x 300 - 7 200 p.a. The starting salary within the scale will depend on qualifications and experience.

The successful applicant will be expected to establish a research and teaching school in experimental plant ecology.

Memoranda giving the general terms of service and particulars about the Department and the post advertised, may be obtained from the Registrar, University of Cape Town, Private Bag, Rondebosch, Cape, South Africa.

Applicants should state their age, marital status, nationality, qualifications, experience, research interests and publications. They should include a recent photograph, a medical certificate and give the names of either two or three referees.

Applications must reach the Registrar by 28th February, 1973.

The University reserves the right to appoint a person other than one of the applicants, or to make no appointment.

Temporary Lecturer in Botany

Applications are invited for the post of temporary lecturer from 1st February to 31st December, 1973. Applicants should state their age, marital status, nationality, qualifications, experience, research interests and publications, and give the names of two referees whom the University may consult. Applications must be made to Prof. O.A.M. Lewis, Department of Botany, University Private Bag, Rondebosch, C.P. as soon as possible.

- - - - -

EDITORS/REDAKSIE

E.P. du Plessis, CSIR, Pretoria

E.G.H. Oliver, Botanical Research Unit, Stellenbosch.

CORRESPONDENCE/KORRESPONDENSIE

Mrs. E.P. du Plessis
Division of Information and Research
CSIR, P.O. Box 395, PRETORIA.